Munisipaliteit • U-Masipala • Municipality
OVERSTRAND

Posbus 20, Hermanus 7200
www.overstrand.gov.za

	Telefoon	Faks
Hermanus	028 313 8000	028 312 1894
Gansbaai	028 384 8300	028 384 0241
Kleinmonad	028 271 8400	028 271 4100
Stanford	028 341 8500	028 341 0445

24-uur-beheerkamer 028 313 8000/8111
Brandweer 028 312 2400

OKTOBER 2019

Bulletin

Amptelike nuusbrief van die Munisipaliteit Overstrand

VORDERING MET AANSPREEK VAN GEMEENSKAP SE BEHUISINGSBEHOEFTES:

LUR gee uitklaring oor pad vorentoe en noodsaaklike terugvoer tydens opvolg besoek aan Overstrand

Binne twee maande sedert sy aanvanklike besoek aan Overstrand om eerstehands ondersoek in te stel na die vordering wat met behuisingsontwikkeling in Groter Hermanus gemaak is, het Tertius Simmers - LUR vir menslike nedersettings in die Wes-Kaap - teruggekeer om terugvoer aan die gemeenskap te gee en hulle persoonlik in te lig oor 'n paar belowende wysigings wat aan die provinsie se kriteria vir die prioritisering van die toewysing van behuising aangebring is.

In die verlede is begunstigdes wat op die waglys vir behuising geregistreer is, geprioritiseer na gelang van vier kriteria: bejaardes, gestremdes, huishoudings waar kinders aan die hoof staan en diegene wat reeds vir 'n lang tyd op die lys is. 'n Vyfde kriterium is nou bygevoeg, naamlik agterplaasbewoners.

Hierbenewens moet alle nuwe behuisingsprojekte voortaan ook bekostigbare huuropsies vir kwalifiserende begunstigdes jonger as 35 jaar insluit.

Simmers het gesê dat hy opdrag aan alle munisipaliteite gegee het om agterplaasbewoners ook by hul kriteria vir die toewysing van behuising in te sluit, en het bygevoeg dat sy departement in die loop van November 'n veldtog oor 'n naweek oral in die Overstrand van stapel sal stuur om registrasie op die behuisingswaglys te vergemaklik en om te verifieer dat hierdie waglys akkuraat is en dat dit akkurate details bevat.

Desondanks berus die onus om van hierdie registrasiegeleenthede gebruik te maak en om te verseker dat hulle details korrek op die behuisingsdatabasis vasgelê is steeds by potensiële begunstigdes.

In sy boodskap aan geaffekteerde gemeenskappe het Simmers ook met groot sorg verduidelik waarom dit nodig is om 'n sosiale akkoord aan te gaan waarvolgens 'n komitee daargestel word wat die gemeenskap kan verteenwoordig sodat alle gesprekke met 'n gestruktureerde liggaam gevoer kan word. In hierdie verband het hy 'n beroep gedoen op gemeenskappe om 'n komitee saam te stel uit verteenwoordigers wat waarlik die beste belange van die gemeenskap voorop stel.

Hy het ook 'n beroep op die gemeenskap gedoen om hulle van verdere onwettige grondbesetting te verhou aangesien "dit die proses sal vertraag en tot 'n stilstand kan dwing". "Samewerking is in almal se belang," het hy bygevoeg.

STATUS QUO MET BEHUISINGSONTWIKKELING TEEN DRUKTYD

AREA	VORDERING	PAD VORENTOE
Paradise Park	■ Ooreenkoms om 3 ha grensende aan R43 te koop, kon nie bereik word nie weens geskil oor waarde van eiendom ■ Opname om profiel van behoeftes en kwalifiserende kriteria vir gesubsidieerde produkte te bepaal, afgehandel ■ Sosiale-akkoordkomitee daargestel	■ Onafhanklike waardeerders is deur LUR en eienaar van Paradise Park aangestel in 'n poging om op 'n koopprys ooreen te kom ■ Alles moontlik word gedoen om 'n skikking te bereik
Zwelihle	■ Ooreengekom op koopprys van R31.7 miljoen en verkoopsakte vir Schulphoek-eiendom word tans gefinaliseer	■ Sosiale-akkoordkomitee moet nog daargestel word ■ 7 500 behuisingsgeleenthede gaan ontwikkel word as deel van die model om verbeterde lewensomstandighede in Schulphoek te skep
Mount Pleasant	■ R16,2 miljoen is toegewys vir behuising in hierdie gebied	■ Werk gaan in April 2020 'n aanvang neem, met ander woorde kort na die afsluiting van die huidige provinsiale boekjaar

BREIPENNE EN HEKELNAALDE FLITS FLUKS TER ERE VAN MADIBA

Na Mandela-dag was Overstrand se Uitvoerende Burgemeester Dudley Coetzee en rdl. Riana de Coning stomgeslaan deur die hope en hope gebreide en gehekelde artikels wat hulle aan die bejaardes by Herberg-aan-See in Gansbaai, Silwerjare in Blompark, Pearly Shells in Hawston, Siyazama-dienssentrum in Zwelihle, Huis Lettie Theron se verswaktesorg-eenheid in Hermanus en die Lombardi-sentrum in Mount Pleasant kon uitdeel.

Nie minder nie as 198 pare sokkies en 'n klompie komberse is deur die vlytige breiers van Hermanus, Stanford en Gansbaai geskenk.

"Baie dankie aan almal wat hierdie projek ondersteun het deur óf self te brei óf wol te skenk. Op die koop toe het my besoek my met ootmoed vervul, en is dit vir my gerusstellend om te sien met hoeveel deernis personeel verbonde aan hierdie sentrums die bejaardes in hulle sorg hanteer. Baie dankie vir die deernisvolle wyse waarop julle ons senior burgers versorg," het die Burgemeester gesê.

Rdl. Riana de Coning het net die hoogste lof vir Gansbaai se groep breiers sowel as die Needles and Pins Wool Shop gehad vir hulle toewyding en bydrae tot die Burgemeester se 2019-breiprojek.

Die slaapsokkies en komberse in pragtige kleure wat hierdie groep en ander individue gebrei en gehekel het, is by crèches en ander bejaardesorgfasiliteite in die Gansbaai-area uitgedeel.

"Baie dankie aan almal wat so vaardig die penne en naalde laat flits het en aan diegene wat bereid was om tyd, wol of geld vir die aankoop van materiale aan hierdie projek af te staan. Volgende jaar, wanneer die winter en Mandela-dag aanbreek, maak ons weer so!"

BURGEMEESTER BRING BESOEK AAN HUIS LETTIE THERON: Hier verskyn Burgemeester Dudley Coetzee en rdl. Riana de Coning (saam met Kobus Theron (tegnikus), Aletta de Kock (inwoner), suster Julliane Bacon (agter), Annatjie Henn (inwoner, middel), stafverpleegster Lilly Jacobs (voor), stafverpleegster Mathilda Abrahams (voor), suster Ansie Uitenweerde (agter) en Ronnie Esterhuizen (rolstoel, inwoner).

VERHOOGDE DEPOSITO

Jaarlikse aanpassing van die deposito

Indien 'n kliënt vir 'n nuwe aansluiting aansoek doen en geen geskiedenis van sy/haar verbruik bestaan nie, geld die heffing van die volgende deposito's vir die 2019/20-boekjaar:

Huishoudelike & kommersiële enkelfase-kredietmeter (tweedelige tarief) - elektrisiteit	R2 471.71
Huishoudelike driefase-kredietmeter (tweedelige tarief) - elektrisiteit	R4 327.19
Kommersiële driefase-kredietmeter (tweedelige tarief) - elektrisiteit	R9 890.23
Huishoudelike en kommersiële enkelfase - voorafbetaalde elektrisiteit (tweedelige tarief)	R 568.74
Huishoudelike en kommersiële driefase - voorafbetaalde elektrisiteit (tweedelige tarief)	R1 137.48

Sedert Julie 2011 word alle elektrisiteitsdeposito's jaarliks aangepas met die gemiddelde verhoging wat van toepassing is op die verhoging van munisipale tariewe vir elektrisiteit, wat verband hou met die verhoging soos deur Nersa (Nasionale Elektrisiteitsreguleerder van Suid-Afrika) afgekondig.

Tydens die oorweging van die konsepbegroting vir 2016/17-boekjaar, asook die hersiene begrotingsverwante beleide wat vir openbare deelname ter insae gelê het, is die onderstaande verandering aanbeveel en ook vervolgens in Mei deur die Raad goedgekeur: Die Beleid op Klantesorg, Kredietbeheer en Skuldvordering lees as volg -

7.6.3 Security deposit will be adjusted annually, which will be equal to twice the average consumption during the preceding 12 months.

In die geval van voorafbetaalde elektrisiteitsmeters geld die volgende:
Die tarief vir verbruikers wat van voorafbetaalde elektrisiteitsmeters gebruik maak, verhoog na R568.74, of die verskil tussen die bestaande deposito en Rx-bedrag, indien 'n deposito reeds voorheen betaal is.

Indien daar pensionarisse is wat vir deernishulp kwalifiseer, sal hul deposito's aangepas word in ooreenstemming met die goedgekeurde tarief soos van toepassing.

In die geval van kredietmeters geld die volgende:
Die berekening van die jaarlikse aanpassing van die deposito, in die geval van kredietmeters, is as volg: Verbruikers wat 'n kredietmeter het, se deposito word bepaal deur die randwaarde van die vorige 12 maande se verbruik, gedeel deur 12 om 'n maandelikse bedrag te bepaal en dan vermenigvuldig met twee ten einde die deposito gelykstaande aan twee keer die maandelikse bedrag te verteenwoordig.

Bogenoemde het tot gevolg gehad dat, ten tye van die aanpassing van deposito's, 'n krediet op baie verbruikers se Augustus 2019-rekening weerspieël is omdat hul deposito's hoër was as hul verbruik was. Die deposito vir die vorige boekjaar (2018/19) op enkelfase het R4 674-25 beloop. Verbruikers wat steeds kredietmeters het, kan dit ook oorweeg om om te skakel na voorafbetaalde elektrisiteitmeters. Dit beteken dat 'n deposito van R568.74 (enkelfase) of R1 137.48 (driefase) betaalbaar sou wees en dat die balans van die bestaande deposito dus aangewend kan word om die koste van die meteromskakeling te betaal. Die eenhede vir voorafbetaalde elektrisiteit is effe goedkoper as dié van 'n kredietmeter.

Verbruikers wat nie die depositoverhoging eenmalig kan betaal nie, is welkom om die Munisipaliteit te kontak sodat reëlings getref kan word om hierdie bedrag af te betaal. Rig asseblief enige kliëntediensnavrae aan **028 313 8000** of stuur 'n epos aan **enquiries@overstrand.gov.za**.

Kontak ons:
KLEINMOND: 5de Laan 33, Kleinmond; 028 271 8400
HERMANUS: Magnoliastraat, Hermanus; 028 313 8000
STANFORD: Koningin Victoriastraat 17, Stanford; 028 341 8500
GANSBAAI: Hoofstraat, Gansbaai; 028 384 8300

VOORTAAN BEHEER EN BESTUUR OVERSTRAND BOBBEJANE

Die departement van omgewingsake en ontwikkelingsbeplanning, die Wes-Kaapse Natuurbewaringsraad en Munisipaliteit Overstrand het gesamentlik ooreengekom dat hulle hul bes sal doen om 'n samewerkende oplossing te vind om werk te maak van die bobbejaankwessie in Overstrand.

Daardie samesprekings het daartoe aanleiding gegee dat 'n strategiese plan vir die beheer van bobbejane (SBMP) geformuleer is. Hierdie plan stip nie net uit watter metode deur elk van die betrokke partye gevolg moet word om bobbejane te beheer nie, maar bepaal ook hoe lank elke party se betrokkenheid sal duur en die begroting wat vir elk vir hierdie doel toegewys is.

Sedertdien is die SBMP aan die provinsiale kabinet voorgelê en goedgekeur.

Dienooreenkomstig is Overstrand gemagtig om 'n gespesialiseerde diensverskaffer aan te stel om bobbejane met behulp van 'n "virtuele heining" in die gebied in toom te hou, wat basies op die aanstelling van bobbejaanmonitors neerkom.

Na raming sal die munisipaliteit sowat R2.6 miljoen in die huidige boekjaar moet begroot om die plan vir die beheer van bobbejane wat reeds in Voëlklip en Pringlebaai onderneem word, te volhou en te evalueer alvorens daardie plan na ander gebiede uitgebrei kan word.

Sodra die verkrygingsproses sy loop gegaan het en 'n geskikte diensverskaffer aangestel is, sal daardie diensverskaffer dan by magte wees om die huidige bevolkingsdinamika van bobbejaantroppe te moniteer en om die impak van die konflik tussen mense en bobbejane in die gebied te bestudeer.

Hou in gedagte dat dit nagenoeg twee tot drie weke gaan neem om bobbejaanmonitors aan te stel, om alle verwante administratiewe en finansiële aangeleenthede af te handel, en om die protokol en standaardprosedures - met inbegrip van magtiging vanaf CapeNature om sekere bobbejane te vang en van halsbande te voorsien - uit te klaar voordat hierdie projek van stapel gestuur kan word.

Desnieteenstaande is Munisipaliteit Overstrand van vaste voorneme om te sorg dat hierdie operasie teen einde Oktober 2019 in volle swang sal wees en nooi alle lede van die gemeenskap om hul insette en bydraes te lewer.

Besonderhede rakende die SBMP en die implikasies daarvan kan bekom word deur Liezl de Villiers te skakel by 028 316 3724 of e-pos ldevilliers@overstrand.gov.za

REGISTREER OP OVERSTRAND SE SMS-DATABASIS

Rekeninghouers kan van die munisipaliteit se SMS-databasis gebruik maak om hul selfoonnommers te registreer sodat hulle kennisgewings kan ontvang, soos

- Noodgevalle, bv. veldbrande, vloede en verkeersprobleme;
- Geskeduleerde onderbrekings waartydens munisipale elektrisiteit- en waternetwerke instandhouding of herstelwerk sal ondergaan, uitgesonder onderbrekings wat deur Eskom beheer word.

HOE OM VIR DIE MUNISIPALITEIT SE SMS-DIENS TE REGISTREER:

Rig asseblief 'n e-pos aan enquiries@overstrand.gov.za of kontak 'n kliëntediensbeampte by jou naaste betaalpunt as jy die SMS-diens wil aktiveer. Gebruik asseblief u munisipale rekeningnommer as u verwysing.

KLEINMOND: Vyfde Laan 33, Kleinmond; 028 271 8400
HERMANUS: Magnoliastraat, Hermanus; 028 313 8000/8111
STANFORD: Queen Victoria-straat 17, Stanford; 028 384 8500
GANSBAAI: Hoofweg, Gansbaai; 028 384 8300

• Jou kontakinligting sal as vertroulik hanteer word en sal nie aan ander partye openbaar gemaak word nie.

Ontmoet nuutaangestelde raadslid Hannie Morgan

Die tragiese heengaan van rdl. Moira Opperman in Julie vanjaar het tot gevolg gehad dat 'n vakature in die Raad ontstaan het wat proporsioneel deur die Demokratiese Alliansie gevul moes word.

Op 28 Augustus 2019 het Burgemeester Dudley Coetzee met genoeë aangekondig dat Hannie Morgan tot die Raad verkies is en het sy vertroue uitgespreek dat die insette wat sy gaan lewer die munisipaliteit en die gemeenskap tot eer sal strek.

OAK verwelkom Steinway-maestro

O·A·K
overstrand arts • kunste

Op Sondag 25 November betree die Suid-Koreaanse pianis **JONGDO AN** die verhoog in die Hermanus-ouditorium. Met vele internasionale toekennings agter sy naam en gegewe dat hy as 'n Steinway-kunstenaar aangewys is, gaan liefhebbers van klassieke klaviermusiek hulle beslis verlustig in sy program: Suite in G-majeur deur d'Anglebert; Chromatiese Fantasie en Fuga in D-mineur deur Bach; Nokturne in F-mineur, Nokturne in E-mol-majeur en Ballade nr. 1 in G-mineur deur Chopin; en Davidsbündlertänze / 18 karakterstukke deur Schumann. *Die uitvoering begin stiptelik om 15:30. Kaartjies kos R150 (R60 vir studente) in is beskikbaar by die toerismekantoor, 028 312 2629. Kontak René du Plooy by 082 940 4238 vir verdere navrae.*